Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 1, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

**At van Wyk: *Honoris Crux – Ons Dapperes/ Our Brave:* Saayman en Weber, Kaapstad, R14,75.**

Toekennings word gedurig aan persone gemaak en daar bestaan ook 'n mate van senioriteit in sekere kategorieë van betrokke toekennings. Dink maar net hoe hoog 'n Oscar-, Emmy-, Artes- of Hertzogprystoekenning aangeskryf word. In die Suid-Afrikaanse Weermag is dit ook die geval met die Honoris Crux-dekorasie wat vir buitengewone dapperheid toegeken word.

At van Wyk het my sy boek, *Honoris Crux,* 'n optekening gemaak van 'n aantal soldate wat alreeds met die Honoris Crux vereer is om so 'n leemte in hierdie Suid-Afrikaanse lektuur te begin vul. Hierdie publikasie was 'n uitgebreide studie, want Van Wyk het onderhoude met elkeen van die draers gevoer en om soveel materiaal te verwerk in die bestek van een boek, wil gedoen wees. Die verskillende gebeurtenisse is kort en kragtig behandel en die opskrifte was baie gepas.

Die boek is baie volledig, maar ongelukkig is daar heelwat haakplekke. In die eerste plek kon die skrywer nie besluit watter vertellerstrant hy wou gebruik nie. Hier sal 'n mens moet besluit of jy slegs die gebeure wil beskryf om dit net op te teken of om dit te dramatiseer. Wanneer laasgenoemde gekies word, moenie net op die feite gekonsentreer word nie, maar moet daar ook geborduur word op die ekstra dingetjies wat vir die leser interessant mag wees ... daar moet dus amper na fiksie oorgegaan word, alhoewel dit steeds ware verhale is. Ongelukkig probeer die skrywer hierdie twee kombineer wat tot gevolg het dat die boek baie moeilik lees en dat die leser baie moet konsentreer om alles in te neem. Wat my veral gehinder het, was die oormatige gebruik van datums en plekke, maar weer eens moet ek beklemtoon dat indien die boek as geskiedskrywing bedoel was, die datums en plekke onontbeerlik was. Die dramatiserings sou dan ook heeltemal onvanpas wees. Dit blyk dus dat die doel van die boek nooit werklik vooraf bepaal is nie. Volgens my, kon die boek as historiese fiksie beslis geslaag het, want die skrywer het al die materiaal tot sy beskikking gehad. Miskien kan Van Wyk in die toekoms twee publikasies die lig laat sien – een vir die historikus en een vir die man in die straat.

Die taalgebruik laat ook met tye veel te wense oor en ongelukkig het 'n paar lelike setfoute deurgesluip, wat baie afbreuk doen aan so 'n volledige werk.

*Honoris Crux* is op die Afrikaanse Diens van die SAUK voorgelees en die praatjies was baie populêr, terwyl die boek self ook baie goed verkoop. Daar is beslis ook nie nét kritiek op die boek te lewer nie, want soos ek gesê het, is dit 'n baie volledige studie. Daar is ook 'n beskrywing van die verskillende dekorasies sowel as 'n lys en foto's van die ontvangers van die Honoris Crux. Die alfabetiese indeks is ook baie volledig en beslis 'n aanwins tot die boek.

At van Wyk het met *Honoris Crux* 'n begin gemaak om 'n nuwe veld te ontgin en hy verdien beslis die eer wat hom alreeds toegeswaai is. 'n Mens kan maar net hoop dat hierdie navorsing nie net by *Honoris Crux* gaan bly nie, maar dat dit in die toekoms uitgebrei sal word.

**Wrn Frans Swart,**
**BA (Kommunikasiekunde)(SA)**

***The Influence of Sea Power Upon History 1660–1783:* A.T. Mahan (Boston – Little, Brown and Company, 1949); 541 pages plus preface and index. (Price unknown).**

The author of this book, Alfred Thatcher Mahan, is to naval warfare what Clausewitz is to land warfare and his books are the source of many quotations and arguments over strategy, and above all, the meaning of seapower. It was thus with a feeling of renewing an old acquaintanceship that I approached this attractively bound green and gold book.

Mahan wrote this book in 1889 during his tenure on the staff of the US Naval Academy and immediately established his reputation as a naval strategist with its publication. His ideas have stood the test of time and are still valid ninety years later and although obviously the advent of the aircraft has influenced the effect of sea power since the 19th century the author still manages to bring home the importance of sea power by describing how various naval affairs influenced the course of history.